



9 M P A L A

902 312 DERDE TERMIN 2004

R10.00

**BTW-ING
VAT-INCL**

**Bosveld Jagters- en Wildbewingvereniging Tydskrif
Bushveld Hunters and Game Conservation Association Magazine**



INHOUD/INDEX



Foto deur: Michael Beckley

Opgestel deur: André van der Merwe

INHOUD

Nuus vanaf die Redaksie	3
Jaarprogramme	3
Morsvleis, maalvleis en biltong	4
Foto's Dinee 2004- Musgrave	7
Hendrik en die Natuurbewaarder	8
Foto galery	9
Limpopo EMA	15
When oxpeckers call	16

KONTAK PERSONE EN NOMMERS

UITVOERENDE BESTUUR

President	Fred Mulders	082 851 4618
Voorsitter	André vd Merwe	083 628 4549
Onder-Voorsitter	Hein Höll	083 271 3280
Penningmeester	Frederik Eloff	082 895 8217
Hoof Opleiding	Louis Naude	083 775 5476
Sekretaris	Kobus Joubert	082 651 6570

TAKKE

Kremetart tak

Voorsitter	Piet Oosthuizen	083 296 2523
Onder-Voorsitter	Lourens Mostert	015-5349377

Letaba tak

Voorsitter	André le Grange	082 322 5388
Onder-Voorsitter	Aubrey Potgieter	083 629 1931

Magaliesberg tak

Voorsitter	Kobus Joubert	082 651 6570
Onder-Voorsitter	Paul Grobler	082 412 3497

Pietersburg tak

Voorsitter	Pieter Grimbeek	082 565 9099
Onder-Voorsitter	Eddie Nortje	073 271 5599

Potgietersrus tak

Voorsitter	Diekie Muller	083 276 4041
Onder-Voorsitter	Alric Forssman	082 870 1911

Soutpansberg tak

Voorsitter	Tewie Wessels	084 617 7254
Onder-Voorsitter	Frans Heinlein	082 876 0614

Waterberg tak

Voorsitter	Gerhard Bakker	082 441 9888
Onder-Voorsitter	Josua Haarhoff	073 155 8181

Kantoorure

Maandae tot Donderdae	8:00 - 16:00
Vrydae	8:00 - 13:00

Posadres	Posbus 1771, Polokwane
E-pos	mwbosjv@mweb.co.za
E-pos André vir artikels	andre@conic.co.za
Tel & Faks	015 - 291 5923

Sekretaris Marius Huisman

KOPIEREG

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag gereproduseer of oorgedra word in enige vorm of op enige wyse hoegenaamd nie, hetsy elektronies of meganies, insluitende die fotokopieër of opname daarvan hetsy deur middel van enige ander inligtings-, bergings-, of verhalingsstelsel, sonder vooraf skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Daar bestaan outeursreg in hierdie werk. Enige ongemaakte reproduksie van hierdie werk is handelinge wat outeursreg skend. Die dader sal weens sivielregtelike outeursregskending aanspreeklik gehou kan word. Dit kan die dader onder sekere omstandighede aan strafbare vervolging blootstel.

Die inhoud van artikels in die tydskrif weerspieël nie noodwendig die mening van die Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging nie.



Nuus vanaf die redaksie

Die jaar is op sy rug en ook goed so. Die meeste van ons sien uit na 'n lekker vakansie. Daar het baie dinge hierdie jaar gebeur en dit voel net of elke jaar vinniger verby snel. Christine is intussen getroud en het ook bedank. Marius Huisman het die plek in die kantoor gevul. Hy het eers by my gewerk en is reeds lankal vertoed en besig met die dinge van die BJV. Ons wil hom net verwelkom en sterkte toewens met die werk. Ons het dan ook die Kremetarttak gestig en wil hulle welkom heet in ons midde. Die ledetal bly steeds groei en dit is verblydend om te sien dat meer lede vanself meer betrokke raak. Die nuwe Omgewingsbestuurswet het ook intussen verskyn wat heelwat impikasies vir ons as jagters inhou. Ek begin dan ook reeds in hierdie uitgawe belangrike punte uitlig.

Dit is opvallend hoe elke jaar se gehalte trofee wat gejag word net verbeter. Dit is duidelik dat die wildeienaars hulle wild beter begin bestuur. Dit is net 'n bewys dat jag en die waarde wat aan wild gekoppel word tot groot voordeel van die natuurlewe is. Dit verstaan die groenes bv. glad nie, of dalk wil hulle nie. Ons bly op Provinsiale sowel as Nasionale vlak steeds met die owerhede in kontak, om so beter bande en ook geleenthede te skep en bou.

Die lys met lede wat kwalifiseer vir Toegewyde status word DV 3 Desember 2004 deurgegee vir CHASA. Die owerhede vereis egter dat elke lid 'n aansoekvorm en vrywaringsvorm moet voltooi. Dit kan julle by julle takvoorsitters verkry. Daar word weekliks met die owerhede geskakel om die oorgang van herregistrasie so glad moontlik te maak. Ons sal gereeld die nuutste inligting aan die takbesture deurgee. Marius is besig om 'n volledige ledelys saam te stel, sodat ons sover moontlik 'n opgedateerde lys het. **Daar is vorms wat saamgestuur word met die Impala wat hy sal gebruik hiervoor. Vul dit asb. in en faks ef pos dit terug.**

Ek wil weer 'n versoek rig dat julle vir ons artikels stuur. Engelse artikels veral. Ons sal DV Feb 2005 die volgende uitgawe druk. Ek het nie tyd of genoeg artikels in my kop om die 4 uitgawes per jaar vol te maak nie. Foto's van voëljag, boogjag en geweerjag of enige vorm van jag is welkom. Artikels van goeie jagplek ook. Kom nou tel net die pen op en doen dit.

Die jaarlikse BJV trofee kompetisie sal van volgende jaar af 'n bietjie anders lyk. Elke tak sal 'n kompetisie hou en die data saam stuur. Slegs die eerste plekke moet dan saamgebring word na die algemene BJV kopetisie toe. Skryf dus jou trofee by jou tak in en bevorder so groter deelname. Die AJV, en dinee is op een dag en so kan jy dit bywoon sonder om oor te slaap.

Laastens wil ek vir een en elk 'n geseënde vakansie en Kersfees en 'n voorspoedige 2005 toewens. Die wat reis 'n voorspoedige reis en veilige tuiskoms. Geniet die vakansie en sien julle DV volgende jaar.

Groete
André van der Merwe

Toegewyde jagter - aansoeke

Die lede moet by julle takke die aansoekvorms invul, waarna die bestuur die die aansoek volgens die wetgewing voorwaardes moet goedkeur. Daar is 'n spesiale uitvoerendebestuursvergadering in Januarie 2005, waartydens die uitvoerende bestuur dit dan sal goedkeur. Ek het vanaf CHASA magtiging verkry om dan Toegewyde jagter sertifikate uit te reik.

Daar is 'n R50.00 fooi aan CHASA betaalbaar so ook aan BJV vir die administrasie van die register van Toegewyde Jagters. Hierdie is 'n eenmalige betaling. Wanneer jy dat heraansoek of nuwe aansoek vir vuurwapenlisensies het, moet jy 'n gewaarmerkte afskrif van die Toegewyde Jagtersertifikaat en 'n be-edigde verklaring vanaf die BJV dat jy nog 'n opbetaalde Toegewyde lid is, aanheg.

Onthou jou tak bewaar jou data en doen verslag oor jou.

Jaarprogramme 2005

Uitvoerend

19 Jan	Uitvoerende Bestuursvergadering
12 Mrt	Voorseisoen intertakskiet - Pietersburg
16 Mrt	Uitvoerende Bestuursvergadering
19 Mrt	Intervereniging skiet - Bloemfontein
18 Mei	Uitvoerende Bestuursvergadering
20 Julie	Uitvoerende Bestuursvergadering
10 Sept	Intertak spanskiet - Pietersburg
21 Sept	Uitvoerende Bestuursvergadering
28 Okt	AJV en Trofeekompetisie - Pietersburg
16 Nov	Uitvoerende Bestuursvergadering

Letaba

3 Feb	Ledevergadering
5 Feb	CHASA skietdag
28 Feb	Senior Kursus
1-3 Mrt	Senior kursus & CHASA toets
3 Mrt	Ledevergadering
5 Mrt	Voorseisoen skietdag
12 Mrt	Skietdag - Eiland
7 April	Ledevergadering
9 April	Rondomtalie Skietdag
14 - 17 April	Junior 1 kursus
5 Mei	Ledevergadering
7 Mei	CHASA skietdag
2 Junie	Ledevergadering
4 Junie	CHASA skietdag
7 Julie	Ledevergadering
29 - 31 Julie	Bestuur spanbounaweek
4 Aug	Ledevergadering
11 - 14 Aug	Junior 2 Kursus
27 Aug	Skietdag - Eiland
1 Sept	Ledevergadering
3 Sept	Skietdag, AJV & Trofeemeting
15 Sept	Wildsetevergadering
6 Okt	Ledevergadering
8 Okt	Wildsete
3 Nov	Ledevergadering
12 Nov	Pro-Amm skietdag
24 Nov	Bestuur afsluitingsfunksie

Kremetart

13 Jan	Ledevergadering
22 Jan	Tsikondeni Skiet
29 Jan	CHASA skietdag
1 Feb	CHASA opleiding
8 Feb	CHASA opleiding
15 Feb	CHASA opleiding
19 Feb	CHASA skietdag
22 Feb	CHASA opleiding
1 Mrt	CHASA bekwaamheidstoets
5 Mrt	Skiet Oppie kop
10 Mrt	Ledevergadering
19 Mrt	Jaggeweer skietkompetisie
8 - 10 April	CHASA opleiding
14 April	Ledevergadering
16 April	Kermis skiet
12 Mei	Ledevergadering
9 Jun	Ledevergadering
14 Jul	Ledevergadering
9 Aug	CHASA skiet & trofeemeting
11 Aug	Ledevergadering
10 Sept	Algemene jaarvergadering
13 Okt	Ledevergadering
22 Okt	Kermis skiet
10 Nov	Ledevergadering

NB: Onthou om julle CHASA skietdae uitslae vir Marius in die kantoor deur te gee, sodat hy die rekords op datum kan hou.

Verder alle ledevergaderings is oop vir die lede en nie net vir die bestuur nie.



Soutpansberg

12 Jan	Ledevergadering
22 Jan	CHASA skiet - Tshikondeni
2 Feb	Ledevergadering
11 - 13 Feb	CHASA opleiding & junior 1
2 Mrt	Ledevergadering
5 Mrt	Plesiërskiet Musina Proefplaas
6 April	Ledevergadering
27 April	CHASA skiet - Bandelierkop
4 Mei	Ledevergadering
13 - 15 Mei	Avontuurkamp
22 - 24 Julie	Junior 2 kamp
3 Aug	Ledevergadering
27 Aug	Levubu skietdag
7 Sept	Ledevergadering
16 - 18 Sept	Senior & junior 1 opleiding
5 Okt	Ledevergadering
8 Aug	AJV
2 Nov	Ledevergadering
19 Nov	CHASA skiet Vivo

Pietersburg

18 Jan	Ledevergadering
8 Feb	Ledevergadering
13 Feb	BJV tak Gesinsdag
23 -24 Feb	CHASA opleiding
26 Feb	CHASA skiet & eksamen
8 Mrt	Ledevergadering
11 - 13 Mrt	Junior 1 kursus
12 April	Ledevergadering
30 April	CHASA skietdag
10 Mei	Ledevergadering
13 - 15 Mei	Junior 2 kursus
14 Jun	Ledevergadering
25 Junie	Skietdag
16 Aug	Ledevergadering
17 - 18 Aug	CHASA opleiding
20 Aug	CHASA skiet & eksamen
13 Sept	AJV
22 - 25 Sept	Spoorsny kursus
11 Okt	Ledevergadering
22 Okt	Skietdag
8 Nov	Afsluitingsfunksie
19 Nov	Skietdag

Kremetart se bestuur



Piet Oosthuizen - Voorsitter



Lourens Mostert - o/Voorsitter



Carina de Jager - Sekretaresse



Werner Viogt - Peningmeester

deur Rudie van Wyk

Om 'n kans te vat is net so goed jy speel die Lotto. Albei besit die vermoë om jou geld in die drein te laat verdwyn. Die hedendaagse bokke is nie dieselfde as in oupa se tyd nie. Dit kos gewoonlik 'n hele paar pienk skille en as die oornag ook nog bygereken word is die slaghuisvleis seker maar 'n beter opsie. Maar dit daar gelaat. Wild is net eenvoudig nie meer gratis of teen 'n billike prys bekombaar nie. Maar is daar werklik al gekyk hoe lyk die bok as die skoot geval het? Hoe vertoon die karkas, bloederig met baie pensmis, die blaie reeds ontbeen en reg om gemaak te word of is die vleisskade van so aard dat daar minimale vermorsing was?

Maak karkas kwaliteit regtig vir 'n jagter saak? Of is die hoof uitgangspunt van 'n jagter net om 'n bok teen die grond te kry? Seer sekerlik is dit almal se uitgangspunt om goeie kwaliteit vleis op die kombuistafel te pak, maar die kere wat dit wel gebeur kan moontlik op die een hand getel word. Dood het gewoonlik 'n oorsaak. Die oorsaak is morsvleis?

Daa word gewoonlik gepoog om die skoot so te plaas dat die projektiel been kan tref. Sodra die projektiel been tref maak dit oopp (mushroom) wat veroorsaak dat die penetrasiewond vergroot om sodoende groter doodmaak vermoë en bloeding tweewe te bring.

Hoe groter die wond hoe meer is die bloeding. Te sagte punte breek te gou op wat die twee-ledige gevolge kan hê, n.l.


- Die projektiel penetreer nie genoegsaam om die vitale organe te beskadig nie,
- Die projektiel disintegreer sodra dit been tref.

Die spoed waarteen die projektiel gestuur word tesame met die kwaliteit punt speel natuurlik 'n groot rol wat 'n artikel op sigself kan wees.

SKOOTPLASING WORD DEUR 'N PAAR FAKTORE BEPAAL, N.L:

- Die hoek waarteen die bok staan,
- Die skut se vermoë,
- Akkuraatheid van die geweer,
- Obstruksies voor die loop wat die projektiel kan reflekteer,
- Die afstand tussen die teiken en die skut, en
- Die hoek waarteen geskiet word.

Die vitale organe van 'n dier word beskryf as die brein, die hart en longe wat die hoof lewensare van enige lewende wese is. Beskadiging aan enige van die organe het met inagneming van tyd by die longe en hart, die dood tot gevolg. Voor daar aangelê word na 'n bok behoort anatomie van elke spesie eers onder die knie gekry word. Spesies verskil anatomies van mekaar en is dit moeilik om skootplasing by wildspesies te vereenselwig. Deur 'n standard norm te stel word riglyne aangebied en word die plasing van 'n skoot moontlik gemaak. Die keuse lê egter by die skut om die skoot so te plaas of die skoot so te waag om vleisskade tot die minnum te beperk.



Deur die anatomie van 'n spesie in die agterkop te bêre, kan daar na die verskillende posisies vir die plasing van die skoot op die bok se lyf gekyk word. Deur die dier in verskillende skootplasing areas te verdeel, kan die opsies vir vleisvermorsing asook die effektiwiteit van die skoot teen mekaar opgeweeg word.

vervolg op bladsy 5




SKOOTPLASING OP DIE DIER SE LYF.



KOPSKOOT/BREINSKOOT.

Een van die hoof vitale organe, die brein, is in die kop geleë. Ongelukkig is die brein by die meeste spesies heelwat kleiner as die grootte van die kop en het menige jagter 'n hangkakebeen in die bos beleef. Die voordeel van 'n breinskoot is, dat die dier onmiddelik vrek en nie eers die bos verken, voordat dit neerslaan. Die nadeel egter is dat soos reeds gesê is, die kakebeen maklik afgeskiet kan word of selfs die horing, wat beteken dat die dier in die grond neerslaan, maar weer sy bewussyn herwin, opspring en weghardloop.

Spesies soos die buffel se brein word goed verskans deur die horings en die plasing van 'n skoot redelik moeilik. By vlaktespesies, soos die blouwildebeeste en hartebeest, wat toegerus is met relatiewe lang gesigte, het menige jagter al die nasale bene afgeskiet en die bok 'n paar dae later by 'n waterpunt opgetel, waar dit gevrek het van dors. Hierdie tipe skootplasing bring mee dat geen vleisskade voorkom nie.




NEKSKOOT.

Die nekskoot, net soos die breinskoot, is die ideaal as die korrekte skootplasing toegepas kan word. In die senter van die nekwervels is die murg wat alle sensuïes na die res van die lyf beheer. Indien die wervels en murg beskadig word, word die hele lewensaar na die dier onmiddelik afgesny. Ongelukkig met die anatomiese samestelling van die verskillende spesies, verskil die nekstrukture van die diere geweldig.


By die blouwildebees en die gemsbok byvoorbeeld, is die nekwervels laag in die nek gesentreerd met lang kambene. Indien die spesies in die senter van die nek geskiet sou word is die kans om been te tref redelik skraal en word die dier slegs met 'n vleiswond die veld ingestuur. Die kans dat die slukderm of selfs net 'n slagjaar geraak kan word, is ook nie uitgesluit nie. By kleiner spesies is vleisskade merkbaar meer as by groter spesies, deurdat die projektiel die nek heeltemaal penetreer.

Daar moet in aanmerking geneem word dat manlike diere meer bespied is as vrouelike diere. Dit wil sê dat die nek meer bonkig en geveul voorkom as die vrouelike diere. As gevolg van die bespieding kan dit die penetrasie vermoë van ligte kalibers benadeel. Die projektiel van 'n ligte kaliber kan nie deur die massa vleis en senings penetreer om die nekwervels voldoende te beskadig nie. Dit kan meebring dat die projektiel in die nek verstremel raak en die dier steeds op sy voete bly.




BLADSKOOT/HART-LONGSKOOT.

Die skootplasing word op die meeste jagplase as die mees korrekte skoot aanvaar, weens die feit dat die area waarna geskiet word relatief groter is as die van die nek en brein. Die voordeel van die skoot is dat indien die dier getref word daar gewoonlik baie bloed teenwoordig is, wat die opvolg van die spoor baie vergemaklik. Weereens word dit beklemtoon dat die anatomie van die spesies wat gejag word eers bestudeer word om seker te maak waar die hart en long organe van elke spesie geplaas is, om sodoende die beste plasing van die skoot te kan kry. 'n Eenvoudige manier om seker te maak van die skoot, is om die bok se lyf in derdes te deel en dan toe te spits op die eerste onderste twee derdes van die bok.



Wat natuurlik 'n rol speel by al bogenoemde skootplasinge is die rigting waarin die bok staan of beweeg, indien dit nie plankdwaars staan nie. 'n Verkeerde implikasie van die rigting waarin die bok staan, kan 'n duidelik duik in 'n tjekboek maak indien die skoot verkeerd geplaas word. 'n Goeie wenk is om altyd te probeer om na die teenoorgestelde voorbeen te probeer skiet om sodoende seker te maak die projektiel penetreer die hart-long area. Dit is natuurlik nie van toepassing indien die dier met sy kop na jou of skuinsweg staan nie. Waar die bok reguit vit jou staan en kyk is die beste plasing van die skoot waar die nek en bors aansluit. Indien te hoog geskiet word sal die projektiel die nek penetreer en indien die skoot daal is die kans om die hart en long area te beskadig goed. Deurdat die skoot op die blad penetreer en die blad uit baie been bestaan is vleisskade redelik hoog.



vervolg op bladsy 6




NEK/BLADSKOOT.

Die skootplasing kan op twee staan posisies van die bok gerig word.

Voor aangesig.

Indien die bok reguit vir die skut staan en kyk word doe projektiel na die aansluiting van die nek en bors gestuur. Die projektiel kan as gevolg van die nekwervels reflekteer en sodoende die blad ook binnedring (A). Die tipe skoot het gewoonlik genoegsame been om die projektiel te misvorm en sodoende die werk behoorlik te doen. Indien die skoot egter nie akkraat afgevuur word nie, is die kans dat die projektiel die nekwervels kan mis en sodoende tussen die ribbekas en die bladbeen kan penetreer.




Sy aansig.

Die skoot word geplaas wanneer die dier dwars staan. Die skoot word gestuur na die groot aansluiting van die nek by die bors gedeelte (B). Voorsorg moet getref word om nie te hoog op die aansluiting tussen die blad en nek die skoot te plaas nie. Soos voorheen reeds bespreek is, besit sommige spesies lang kambene wat fatal kan wees indien die skoot daar geplaas word.

BLAD/RIBSKOOT.


Net soos by die blad/nekskoot kan die skootplasing tweeledig wees. Die skoot kan deur die bladvliese geplaas word sonder om die bladbeen te raak en sodoende die ribbekas ook te penetreer (A). Of, die skoot kan skuins deur die ribbekas na die teenoorgesteldeblad gestuur word en sodoende die teenoorgestelde blad te pentreer (B). Indien die projektiel eerste die ribbekas gepentreer het en sodoende die blad later, het die projektiel reeds vervorm en is die vleisbeskadiging baie meer.




RIBSKOOT

Ribskoot is in jagtaal meer bekend as "agter die blad". Die effektiwiteit van die skoot word bepaal wanneer beide die longe deur die projektiel beskadig word. Die ribbekas bestaan uit gesentreerde halfmaanvormige bene wat teen die rug en aan die borsbeen vasheg. Die hardheid van die bene wissel na gelang van ouderdom sowel as die grootte van die spesie. Dit wil sê dat die projektiel by kleiner en medium spesies maklik regdeur die dier kan beweeg. Die kans dat een ribbebeen of selfs geen been getref kan word is nie uitgesluit nie. Weereens kan dit gebeur dat slegs een long beskadig kan raak of dat die projektiel die pens binne dring indien die hoek waarteen die dier staan nie in aanmerking geneem is nie. Afhangende van die rigting waarin die bok staan kan die trek van die skoot ook veroorsaak dat die projektiel die pens binnedring in plaas van die ribbes. Vleisskade met die skootplasing is relatief min.

Daar moet egter in berekening gehou word dat wanneer die pens raak geskiet is, is die pensinhoud en vleis erg besoedel. Die vleisskade is dus min maar die besoedeling as gevolg van die pensinhoud veroorsaak dat die vleis weggesny moet word. Dit is raadsaam om soveel as moontlik besoedelde vleis te verwyder aangesien die pensinhoud bakterieë bevat wat verrotting aanwakker. Vleisskade as gevolg van die kontaminasie met die pensinhoud sal aangewakker word indien die koelgeriewe nie op die aanvaarbare temperatuur funksioneer nie.



Die rugskoot word glad nie aanbeveel tensy die dier gekwes is nie en daar na die grootste deel van die teiken geskiet kan word nie. Dit moet liefies as 'n opvolg aksie beskou word om die dier uit sy lyding te verlos. Alhoewel 'n goed geplaasde rugskoot die dier grond toe bring is dit glad nie dood nie, met tyd egter sal die dier hieself inwendig doodbloei as gevolg van die hoofslagare wat reg onder die rugstreng gesentreerd is. Neem dus in aanmerking dat 'n dier wat in die rug geskiet is se skerp kant nie stomp is nie. Die skoot kan vanaf die kant geplaas word (A) of in die geval waar die dier weghardloop vanaf die skut, die skoot van agter na die rug te plaas (B).



As daarna die meegaande table gekyk word dui dit die persentasie vermorsing sowel as goeie kwaliteit vleis aan. (De Bruin J. 1993) Deur die verskillende skootplasinge te besudeer kan gesien word dat sekere skootplasinge (kop-, nek- en ribbekasskoot) minimale vleisvermorsing tot gevolg het. Die onus rus nog steeds op die skut om te besluit of hy die vermoë besit om risikoskote (nek en kop) toe te pas al dan nie.

SKOOTPLASING	VERMORSING	GOEIE PRODUK
Kopskoot	0.00%	100.00%
Nekskoot	3.20%	96.80%
Nek/Bladskoot	15.70%	84.30%
Bladskoot	20.60%	79.40%
Blad/Ribskoot	22.20%	77.80%
Ribbekasskoot	5.50%	94.50%
Rugskoot	12.50%	87.50%

Die volgende tabel illustreer die voor- en nadele van die verskillende skootplasinge in kort.

vervolg na bladsy 7



SKOOTPLASING	VOORDELE	NADELE
Kopskoot	Geen vermorsing Geen stress op die dier nie	Kwes maklik Moeilik om die kop raak te skiet, beweeg voortdurend.
Nekskoot	Min vleisskade Indien korrek raak geskiet tree die dood onmiddelik in. een stress op die dier nie.	Kwes maklik Nekstruktuur van spesies verskil Manlike diere meer bespierd, kan projektiel benadeel
Nek/Bladskoot	Indien die dier reg van vooraf geskiet word is die skoot noodlottig. Dodelik indien die anatomie van spesies in berekening gebring word.	Te hoog op die nek kan slegs kambene penetreer en is gewoonlik nie noodlottig nie. Skoot kan maklik tussen die rib en blad penetreer sonder om vitale organe te beskadig (skoot van vooraf) Te skuins hoek kan veroorsaak dat slegs een long raakgeskiet word
.Bladskoot	Projektiel vervorm meer omdat meer been getref word. Die vitale organe word gewoonlik goed gepenetreer	Voorbeen kan getref word. Redelik vleisskade. 'n Te lae skoot deur die borskas kan veroorzaak dat die vitale organe nie beskadig word nie. Die dier kan nog 'n distanse beweeg voordat dit dood gaan. Die beenstruktuur van grootspesies kan penetrasie van die projektiel verhoed.
Blad/Ribskoot	Die longe raak beskadig. Baie bloedverlies. Indien die blad beskadig word rem dit die vlug aksie van die dier.	Vleisskade is redelik hoog. Die dier kan nog 'n distansie beweeg voordat dit dood gaan.
Ribbekasskoot	Min vleisvermorsing. Goeie skootplasing indien beide longe getref word. Baie bloedverlies.	Te ver na agter in die pens. Dier kan ver hardloop voordat dit doodgaan. Slegs die punt van die longe kan getref word. Indien die pens getref word raak vleismaklik besoedel.
Rugskoot	Dier kan nie beweeg nie.	Kwaliteit vleis word beskadig. Risiko skoot, deurdat die teiken maklik gemis kan word, indien te hoog skiet. Indien onder die rug skiet kan hoofslagare gemis word of die dier kan selfs in die pens geskiet word .Indien die dier van agter geskiet word is die kans goed dat die boude beskadig kan word. Wees versigtigdie dier is nie dood nie.



Bines Schoeman met die gesogde Musgrave Toekenning deur CHASA toegeken, vir uinemende jagprestasie en jare lange toewyding aan Natuurbewaring en die amateurjag. Dit is 'n toekenning en nie 'n kwalifikasie nie. Hierdie toekenning is aan hom oorhandig tydens ons jaarlikse dinee. **Baie geluk namens BJV. Ons is trots op jou.**



Oom Willie Roux wat die CHSA Voorsitters toekenning verkry het vir uitnemende bydra tot die amateurjag en Natuurbewaring. Hy het die heel eerste wildveiling agter die Soutpansberg aangebied. Sy verering is sy bydra wat vandag gelei het tot 'n enorme wildveilingbedryf, soos ons dit vandag ken.

Hoe die skoot dus geplaas word hang van die skut af. Die persentasie morsvleis word deur die projektiel en die hoek waarteen die bok staan bepaal.

HENDRIK EN DIE NATUURBEWAARDER deur Abel Botha



Oom Carel Höll en Oom Attie Vermaak wat tydens die jaarvergadering as Erelede van BJV benoem is. Die toekennings is ook tydens die dinee oorhandig.



NW Ligthelm en Hein Höll met hulle trofee wat hulle ontvang het.

Hendrik was 'n visterman al sy lewe deur. Gebore en getoë daar in Walvisbaai, waar sy pa naans Skipper was op 'n skuif. Tot Hendrik so op vier- vyf en dertigjarige ouderdom besluit hy is nou 'n slag lus vir iets toetental anders - enigiets wat hom net 'n slag kan wegvat van die "skeide" af (wat die woord is wat party Walvisbaaiers vir "skuite" gebruik). Wat Hendrik toe in die Caprivi laat beland vir 'n beplande twee jaar. Waar ek hom toe ook mettertyd ontmoet wyl ek weer 'n slag namens die (destydse) Suidwes Administrasie my pligte aldaar moes gaan uitvoer. Hy werk by Caprivi se Departement Landbou by Oom Piet Bezuidenhout en ek en Rudi bly oor by hom en Koois in die woonstel, soos ons partykeer gedoen het. Ander kere het ons mos daar by Wolfie Wolfaardt oorgebly by sy huisie teen die Zambezi, waar Rainer Iben die aand so uit sy plakkies gehardloop het toe ons agter die huis wegduik vir die mortiere, maar dis weer 'n ander storie. Bederf ons ook toe gruwelooslik, Hendrik nou, die volgende oggend toe hy vir ons gebakte bakkems in die bed kom aangee vir brekfis. Wat hy die naweek in Walvisbaai loop haal het, hoor ons tewel ons heerlik lê en kou. Hy gee ons ook sommer terstond 'n lesing oor bakkems toe hy hoor dis 'n nutjie vir ons.

Sitwa sit in die digbos teen die Kwando rivier. Dit is 'n pragtige huisie gebou van Mopani paaltjies en dekgras met 'n paadjie tot in die rivier. Die huis is opgerig deur die manne van Natuurbewaring - nou nie van Natuurbewaring "proper" nie, maar die outjies wat in die Weermag se "Burgersake-Afdeling Natuurbewaring" hulle diensplig verrig. Meesal manne wat reeds in die Natuurbewaring gestudeer het, of wat reeds in Natuurbewaring diens gedoen het in die siviele lewe. Nou nie juis dat hulle so swaarkry in die Weermag nie, nee eerder soos 'n gratis langtermyn vakansie op staatsonkoste, lyk dit vir my en Rudi. Want hulle groot werk elke dag is om op en af op die Kwando rivier te ry met die boot en indringer waterplante met gif te bespuit. Tot hulle nou lekker taai gesweet is en taamlik moeg van niksdoen, waarna hulle met die boot 'n stil sloepie inry om gou te loop bad. Daar waar daar nie dalkies van die plat honde in die rondte is met 'n vreeslike lus vir mensvleis nie, sien, wat nogal taamlik voorkom in die Kwando rivier.

Die rivier met die baie name - dis die Kwando. Eers noem hulle dit die Cuando, aan die Angola kant van die noordgrens van die Caprivi, dan word dit die Kwando, dan die Linyandi en laastens die Chobe, net voordat dit die Zambezi inloop. En wyl ek nou afdwaal van my storie af, die Chobe - dis darem nou ook vir jou 'n interessante rivier. Dit is seker die enigste rivier in die wêreld wat in beide rigtings vloei - daar in die Caprivi waar die wêreld vreeslik plat is. "Normaalweg" vloei dit in 'n oostelike rigting na die Zambezi rivier toe. Wanneer die Zambezi egter dreun van die baie waters wat van Zambië se kant af onderweg is en sy watervlak taamlik styg, vloei die water in die Chobe rivier terug, Chobe moeras se kant toe in 'n westelike rigting. Wanneer die Zambezi se waters nog verder styg, breek die water kortpad deur - deur een van die vele "Mulapo's" of kanale, kortpad moerasse toe. Dan staan die water van die Chobe skielik botstil!

Maar genoeg afgedwaal. Die nag staan ons toe oor by Sitwa, saam met Hendrik wat as drywer-cum gids optree aangesien ons die slag met die vliegtuig gevlieg het van Grootfontein af en dus nie vervoer het om van te praat nie. En dit word 'n lekker gesellige nag. Want ons leer gou dat Hendrik omtrent net so stout is as wat hy graag stories vertel. En veral één van die Weermagmanne skud sy kop net meer soos die aand langer word en die stories lekkerder raak. Want in die siviele lewe is hy Natuurbewaarder in die Namib Park - einste waar Hendrik se lekkerste steeljagplek is! Want Hendrik vertel...

"Een môre vroeg ry ek mos weg van Walvisbaai om bietjie te loop vakansie hou innie Kaap. Maar ek vat sommer die gruispad deur die Namib Park - om so deur Solitaire af te ry Kaap toe. Maar ek ry vir jou in 'n lekker digte mis in sommer so vroegerig in die Park al. So lat 'n mens omtrent nie jou hante voor jou oë kan sien nie. So ry ek toe maar bitterlik stadig in die mis want die pad en die grond langsaan lyk mos maar omtrent dieselle as jy nie juis kan sien nie. Verla in die Namib. Maar toe die mis mos so 'n bietjie lig so amper halfpad deur die park lat ek nou weer mooi kan sien, is dit mos net Gensbokke waar jy kyk.

vervolg na bladsy 9



Foto Galery

En ek proe sommer al klaar daai Gensbok biltong in my bek, maar ek dink, wag, ek is mos op pad met vakansie - en ek sien maar en laat staan. Maar toe ek al so 'n hele ent anderkant die Gensbokke verby is, dink ek, ai, daai Gensbokkoei wat so teen die pad gestaan het was darem wragtig lekker vet. Maar nee, sê ek vir myselfers, jy is op pad Kaap toe, los uit! Ek is naderhand heel deur die park anderkant uit toe dink ek, as ek nou my dure plig as landsburger wil doen, moet ek darem sorg dat ek ten minste één Gensbok help om nie die vernedering te smaak van 'n natuurlike dood op 'n rustige oudag nie. En ek draai net daar om in die gruispad dat die kaiingklippers so spat en ek ry terug. Ek moes toe maar deurry terug Walvisbaai toe en die Gensbok in my geraats gaan afslag, die vleis sou dalk net vrot word af Kaap toe. En die volgende oggend vroeg weer begin ry Kaap toe. Terwyl dit nog donker is dat 'n man nie dalk in die versoeking moet kom nie, sien."

Ek sien sommer die Weermag se Natuurbewaarder het nie woorde nie. Net Hendrik. Want hy begin al weer vertel van die Afrikaner beeste wat wild geword en hulle blyplek in die Namib Park gemaak het. Vir baie jare al. En ek sien die Natuurbewaarder kry weer bietjie kleur in sy gesig, want hy is toe darem al 'n paar jaar baie nuuskierig om die genoemde beeste raak te loop - 'n voorreg wat skynbaar vir min mense beskore is oor hulle so wild is. "Het jy hulle al gesien?", wil hy van Hendrik weet. "Gesien?", en ek sien Hendrik kry so 'n lekkerkry glimlag op sy gesig, "waar dink jy kom my beesbiltong elke jaar vandaan?"

Die Natuurbewaarder raak nog witter as tevore, as dit enigsins moontlik is, want 'n mens "tan" baie lekker op die natuurbewaring boot in die dag, en skud sy kop weer 'n slag. "Hendrik, as ons jou vang, sluit ons jou toe en gooi daardie sleutel so ver weg dat hulle hom in 'n leeftyd nooit weer sal kry nie!"

"My vang?" lag Hendrik, "daarvoor ken julle julle park hopeloos te sleg - my jagpaadjies het nog nie een van julle al ooit 'n spoor op getrap nie, en buitendien, julle lê hopeloos te laat in die môre nog in die kooi om my te kan vang."

Daardie nag slaap ek en Rudi en Hendrik in die paadjie teen die water. Onrustig. Want dis seekoeie wat daardie paadjie so glad uitgetrap het. Maar dit kan nie anders nie - die hut is vol Weermagmanne en die bos staan tot vas teen die hut. Maar ons haal darem so deur die genade die anderdagmôre. En terwyl die son nog sukkel om op te kom en daar nog net so 'n rooi skynsel in die lug is, klap daar twee skote sommer taamlik naby. Waarop Hendrik homself op die een elumboog lig en binnetoe roep: "Net wat ek gesê het, daar het die man al sy bok en jy lê nog binne in die kooi!"

JAGTERSVERENIGING: SOUTPANSBERG-TAK

SKIETUITSLAG: SKIETDAG GEHOU TE LOUIS TRICHARDT OP 5 JUNIE 2004 EN TE LEVUBU OP 21 AUGUSTUS 2004: SOUTPANSBERG-TAK

BRONS SKIETBALKIES

<u>LID NO.</u>	<u>NAAM</u>	<u>PERSENTASIE</u>
648	Fred Mulders	60%
2652	J C Nel	60%
2385	A C White	60%
2768	L van Eden	62%
2175	P W du Rand	64%
2584	C A Vermaak	64%
3016	S S B Hoffman	64%
2859	Mariaan Rademeyer	68%
2237	Hannes Spies	73%
2437	Michael Rademeyer	75%

SILWER SKIETBALKIES

<u>LID NO.</u>	<u>NAAM</u>	<u>PERSENTASIE</u>
2855	R White	80%
773	Bernhard Stegmann	84%

GOUE SKIETBALKIES

Geen

PLATINUM SKIETBALKIES

Geen

So jag jy tiere in die somer



André en Kobus Kriel op 'n tierjag



Jan Carel Oosthuizen met 'n wit blesbok en 'n springbok



Junior 1 kursusgangers Oktober 2004



Rouxnel White - silwer skietbalkie



Adri Vermaak, Leon Koen, Mariaan Rademeyer en Michael Rademeyer - Brons skietbalkies



Piet du Rand - Goue skietbalkie



Beste mansskut - Mike Vermaak : Damesskut Rouxnel White : Snr/jnr skut Jeanette Rademeyer : jnr skut Monique Rademeyer



Gerhard Heinlein met 'n Waterbok



Mike Vermaak - Platinum skietbalkie



Hennie Joubert met 'n Blesbok



Gerhard Heinlein met sy bosvark trofee



Hennie Joubert met 'n rooiribbok

Cassie van Eden met 'n sprinbok



Dawie Muller met 'sy eerste ystervark



Diekie Muller met 'n koedoe



Diekie Muller met 'n Willie



Frans Heinlein met 'n blesbok

Impala



Stephan met sy Nyalakalf wat verlede uitgawe per ongeluk uitgeval het. Ek maak hom maar groot dat ons darm kan sien



Abel Botha met 'n Gemsbok



Lali Nel met 'n Koedoebul



Gerrit Roux met 'n Gemsbok



Daan Roux met 'n Swartwildebees



André Le Grange met 'n Gemsbok wat "getag" is



Mart-Mari met 'n Gemsbok



Christie Nel met sy eerste bosvark



Impala



Frans Heinlein met 'n koedoe



Gerhard Heinlein met 'n eland



Gerhard Heinlein met 'n vark



Niel Stegman met 'n blesbok



Leanda Stegman met 'n blesbok



Nardus Stegman met 'n blesbok



Nardus Stegman met 'n eland



Nardus Stegman jnr met 'n vark



Impala



Gawie le Roux met 'n buffel



Gawie met 'n Poekoe



Gawie met 'n seepkoei



Paul Oosthuizen met 'n Bosbok



Hennie Booyesen en Paul Oosthuizen



Paul met 'n Waterbok



Paul met 'n Willie



Pieter Grimbeek met 'n chobe bosbok





Pieter met 'n buffel



Pieter met 'n poekoe

“CLASSIFIEDS”

Slegs R25-00 om te adverteer in hierdie spasie
(Maksimum 35 woorde)
Kontak vir Marius by
(015) 2915923

Advertensies

Volblad kleur	R1000.00
Halfblad kleur	R500.00
Kwartblad kleur	R250.00
Volblad swart en wit	R500.00
Halfblad swart en wit	R250.00
Kwartblad swart en wit	R150.00
Opstel van advertensie	R100.00

IMPPOPO ENVIRONMENTAL MANAGEMENT ACT NO 7 OF 2003

Definitions:

Alien animal:- any live vertebrate, incl a bird and a reptile, but excl a fish, belonging to a species or subspecies that is not recognized domestic species and the natural habitat of which is not in the RSA or the egg of such vertebrate.

Bait:-any living or dead animal matter, or anything else which on account of the edibility, smell or taste thereof may lure a wild animal

Day:- period from half an hour before sunrise to half an hour after sunset

Night:-half an hour after sunste to half an hour before sunrise the following day.

Family member:-in relation to the owner of land, means the parent, spouse, child, step-child, foster-child, grandchild adopted child, son-in-law or daughter-in-law.

Hunt:-the intent to kill, and includes - search for, lie in wait for, bait, pursue, shoot at, set a snare or trap or disturb with the intent to kill. Dart or immobilise for trophy purpose and collect or destroy of eggs.

Open season:-period declared an open season in terms of sectio 32.

Permit:-includes any licence, document or certificate issued in terms of, or referred to in the act.

Weapon:-fire arm, ammunition, any weapon or implement with which a projectile can be propelled that it can kill, injure or immobilize, the projectile for use in such weapon and chemical or preparation for use in connection with such projectile.

Hunting and catching of wild and alien animals

No person may without a permit hunt-
specially protected wild animals
protected wild animals
game
the above during night
in a Provincial Nature Reserve

A landowner or family member may hunt gamewithout a permit only in open season.

No person may without a permit hunt specially protected wild animals, protected wild animals, game or non-indigenous wild animals with:-
Semi automatic fire-arm,
a fire-arm which discharges a rim-fire cartridge of a calibre of 5,6mm or smaler,
a shotgun, or an air-gun

No person may convey a fire-arm on a public road traversing land on which wild or alien animals are found or likely to be found unless the fire-arm is unloaded and secured in a gun bag, gun case or gun holder.

Specialy protected wild animals:

Elephant, ant bear, black footed cat, Lichtenstein hartebeest, red duiker, pangolin, both rino's, roan antelope, sharpe's grysbok, suni and wild dog.

Protected wild animals:-

Aardwolf, african civet, african wild cat, buffalo, bushbaby, bushbaby lesser, cape clawless otter, cheetah, bat eared fox, cape fox, giraffe, hedgehog, hippo, honey badger, brown and spotted hyaena, klippringer, leopard, lion, oribi, common and mountain reedbuck, grey rhebuck,sable, serval samango monkey,steenbok and tessebe.

Game:-

Blue wildebeest, burchell zebra, bushbuck, caracal, eland, gemsbok, grey duiker, impala, kudu, nyala, red hartebeest, springbok, vervet monkey and waterbuck

Non-indigenous wild animals:-

Black wildebeest, blesbuck, bleu duiker, bontebok, greysbok and mountain zebra

WHEN OXPECKERS CALL by Gert Rall

My son Aldo recently won a buffalo hunt in a lucky draw competition.

Although he has hunted buffalo cows during Zambezi Valley hunts in the past, I was very happy that he would get an opportunity to hunt a buffalo bull. It is not something that falls in many people's laps.

The prize he won consisted of two bulls, but it was decided that Ansie Marais would take the second bull. Her husband George shot a bull the year before and Ansie then dropped a cow with one shot from my .350 Rigby Magnum. The hunt took place on a Reserve in the Lowveld and we arrived on a Sunday afternoon. That evening all possible shooting angles and shot placement were discussed over and over again.

The next morning our scout was allocated to us and of we went in search of buffalo tracks. Around mid-morning we finally found tracks of a herd that was fresh enough to follow. As far as we could ascertain the herd consisted of about eighteen animals and contained two very promising sets of tracks. Leading the way the scout kept his eyes on the tracks while I scanned the bush for buffalo from right behind him.

Ansie followed me and George backed up from the rear.

Around noon we approached a small stream and I was convinced that the herd would be resting in the dens shade around the watercourse and that we would soon catch up with them. But that is not how it worked out. The tracks went past the thickets and kept going for another 4km. At three that afternoon we finally caught up with the wandering herd.

The buffalo were lying in a very thick patch of sickle bush (*Dichrostachys cinera africana*). I could not identify a nice specimen through the dense vegetation and neither was the wind in our favour. I kept looking at the black mass in front of us for about five minutes before we winded them and they fled. The intensity of the fleeing upon the first contact surprised me somewhat. Buffalo do not generally behave like that and I became suspicious that something I could not pinpoint was afoot.

We followed the tracks for another hour but then I realized that we would not catch up with these buffs and called it a day. After the long trek back to the vehicle we were all damn tired and enjoyed an early retreat to our beds.

The next morning we were out bright and early and all set for a fresh attempt at the spooked herd. Their tracks were found at about 09h00 and by 11h00 we had caught up with them at a range of about 30 meters.

I glassed the herd as best I could with my trusty old 7x50mm Steiner binoculars. Again I could not identify a shootable animal and again the herd made a beeline. Two clicks later we came upon them again, but history repeated itself. Six times this happened on that day and by nightfall we were exhausted but thoroughly satisfied with the quality of the hunt.

That evening around the fire I suggested that we try working the other side of the reserve, because I believed that we should rather try finding some single bulls or even some 'dagga boys'. Not only would we know that it would be big animals we came across, but there would be fewer pairs of eyes to catch us out.

The next morning we moved out in the opposite direction – exploring new areas. As we were driving we scanned for spoor. After a while we came upon a river with lots of reeds growing in it and found three sets of tracks that looked as if they belonged to big animals. Scouting about some more we found a herd's tracks. These we followed and it led us in the direction of the three large sets of tracks. Then I heard the oxpeckers. I looked at the scout and I could see that he had also heard them. We knew what that meant. Although there also were rhino in the reserve I just had the gut feeling that the oxpeckers were with buffalo.

Leaving the spoor we headed directly towards the sound of the oxpeckers and within a 100 meters came upon the buffalo. Checking the wind we crawled closer and came to within about 80 yards of the herd, which was blissfully unaware of us. The buffalo grazed without a care in the world.

Again the situation and the vegetation made it virtually impossible to evaluate individual animals. Eventually I spotted a medium sized bull. Then unexpectedly they became suspicious of our presence and stopped moving. We waited for five minutes and during this wait I could feel the wind slowly changing direction to our detriment. We had to make a decision or suffer the same fate as the previous two days. We decided to take the medium bull just as the animals began moving very restlessly again.



Ansie pulled the .350 Rigby Magnum's trigger and the dust puffed on the buffalo's shoulder. Chaos ensued as the herd stampeded amongst clouds of dust and flying branches. We ran forward to check if we could see anything of value and came upon the bull as it was trying to get up. Ansie pumped a second shot into it just as it regained its feet. The second shot put it down like a sack of wet cement. End of story.

The first shot had penetrated both shoulders and although it did not hit any bone, it had been placed well inside the shot placement triangle. The second shot entered the left rump and broke the femur, but traveled all the way to the right shoulder where we found it under the skin. I have hunted many years with that rifle, but even I was surprised at the locally made Stewart 250-grain Hi-Performer solid's penetration. Now it was Aldo's turn.

We followed the herd all of that day, but predictably with no success.

The next morning we returned to the same area and spent the entire day tracking and tracking across the usual 'miles and miles of bloody Africa'. To no avail. Deep inside of me a little devil began telling me that Aldo might not get his buffalo. We only had one day remaining and therefore decided that the next morning we would return to the river with the reeds where we had found the tree sets of spoor. Late that night Aldo went outside the bungalow to answer nature's call. He heard some noises and called me. We listened and were convinced that it was buffalo.

When we got up the next morning we headed for the place where we had heard the noise during the night. About 200 meters from the camp we came upon fresh tracks of about 40 animals. These we followed until about 11h00 when we reached a river. Crocs or no crocs – we crossed, and just as we did so I heard oxpeckers to our left. That called for a change of direction and we headed towards it. Within 100 yards we found the herd of buffalo. Checking the wind we positioned ourselves to search for a reasonable bull. The herd was restless and suspicious. They were constantly searching for danger and kept their noses high to catch the first whiff of approaching danger.

They must have sensed something as they ran off directly towards the river before we could get a proper look at them. I realized that this would be our last opportunity and that we had to keep up with the herd hoping that an old and big animal would lag behind. Reaching the river I ran headlong into the reeds but they just absorbed my impact and whipped me onto my back. I was still struggling to get up when Aldo stepped into a hole that left only his head and shoulders protruding above the water. Anxiously I pulled him out and we stormed across the water – following the herd's noise progress but keeping downwind to its left.

This we kept on for about half a click when the herd noise faded. Exhausted and exasperated I stopped; realizing that we had lost the race against the herd. My heart was pounding like a runaway train and I had to stop to evaluate the situation. As I did so I noticed a buffalo bull not 70 meters from us. The animal was walking at leisure. Immediately the adrenalin pumped into the veins and off we went to our left to intercept him, but it was slowly angling away from us. It was then that Aldo kicked into gear and inserted a 450-grain Barnes X from his .458 Winchester Magnum behind its shoulder – angling for the heart.

The strangest thing then happened. As the bullet impacted the bull reared on its hind legs like a rampant horse trying to rid itself of a pesky jockey. It wheeled around to face us before it dropped back on all fours – facing us. I was not going to take any chances and fired a shot into the boiler room. It turned and ran. I have never before seen a buffalo do that. Satisfied with our shots, and being sure of mine, I did not anticipate many problems. There was enough blood to support my thinking. The scout, Orbit, followed the blood spoor while Aldo and I flanked him either side. We were both using .458's with 500-grain solids for the big stop. The first 130 meters was easy as the blood spoor was clearly visible. Then we entered a thick patch and I told myself that it was where it was going to happen. Hardly into the thicket I saw a dark patch and dropped to one knee for a better look. The Steiner confirmed it as the bull lying down. Was he dead? We whistled and threw stones, but no reaction came. Slowly we crept closer and found the bull to be dead. Aldo's shot had ripped through the heart and mine through the lungs. Taking a closer look I was stunned by the trophy that lay before me. Later on we confirmed it as having a 44" spread and a 14" boss. I sent Aldo and Orbit to go and fetch the vehicle and sat myself down beside the old dagga boy's body. Those overwhelming, conflicting feelings of gratitude, pride and sadness came as peace and quiet again settled over God's land.





Impala





LIMPOPO WAARDEERDERS

You own a house and hearth We value it's worth

Alle tipe:

**Residensiële Eiendomme; Kommersiële Eiendomme; Plase; Plote; Los Goedere; Boedels;
Kapitaalwins en nog vele meer.**

**Tel. 015 297 4299 Faks. 015 297 4299 André - Sel. 083 628 4549 Leon -Sel 083 728 0119
Adres: Rondebosch eenheid 3, H. van Rensburg St, 82, Pietersburg. Pos Adres: Posbus: 11862, Bendor, 0699**

Skakel ons gerus vir 'n kwotasie